# Redaksioneel

Die redaksie kondig met genoeë aan dat *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap* voortaan in ’n opwindende nuwe formaat sal verskyn. Alle artikels word vanaf die volgende uitgawe aanlyn en in oopbronvorm deur AOSIS (African Online Scientific Information Systems) gepubliseer. Dit hou in dat alle artikels gratis beskikbaar is vir enige persoon met toegang tot die internet.

Ons verwag dat hierdie ontwikkeling sal bydra tot verhoogde sigbaarheid vir *Koers*, ’n hoër leserstal en ’n groter impak. Artikels sal nie meer in vier hardekopie-uitgawes per jaar gepubliseer word nie, maar elke artikel sal voortaan gepubliseer word sodra die spesifieke artikel gereed is vir publikasie. Aan die einde van elke jaar sal alle artikels wat deur die loop van die jaar op hierdie wyse elektronies gepubliseer is, in ’n enkele hardekopie-uitgawe gepubliseer word. Aan *Koers*-lede en -intekenare sal die opsie gebied word om hierdie (hardekopie-) uitgawe te ontvang en meerdere bestellings van die gedrukte uitgawe sal ook moontlik wees. In die geval van ’n spesiale temanommer of *festschrift* sal ’n addisionele nommer saamgestel word deur alle bydraes wat hiervoor geoormerk is, tegelyk aanlyn te publiseer, gelyktydig met die “rollende artikels” (met die opsie van ’n hardekopie-uitgawe van die temanommer). Bladgeld word vervang deur artikelgeld, met ’n billike verhoging oor die volgende paar jaar. Daar is dus vele interessante ontwikkelings vir *Koers*!

Ten spyte van al die veranderings bly die belangrikste sake wat sentraal is tot *Koers* se identiteit, dieselfde:

- Ons strewe is steeds om Christelike wetenskap in alle navorsingsvelde te ontwikkel en om prinsipiële begronding in die wetenskap te bevorder. Ons glo dat die nuwe ontwikkelings selfs ’n beter platform skep waar outeurs konstruktief en krities met Christelike beskouings in alle vakgebiede kan omgaan.

- *Koers* is steeds ’n onafhanklike, geakkrediteerde tydskrif met totale redaksionele vryheid binne die grense van ons grondwet en fokus.

- Ons redaksie bly onveranderd: akademici wat vanuit ’n Christelike (meestal reformatoriese) perspektief werksaam is in ’n wye aantal studievelde en verteenwoordigend is van verskeie instellings.

- Ons gaan voort om dieselfde streng keurproses te volg, met dieselfde keurdersdatabasis (wat natuurlik voortdurend uitgebrei word). Die keurproses sal in die vervolg egter op ’n webgebaseerde wyse bestuur word.

- *Koers* verwelkom steeds relevante bydraes in Afrikaans, Engels en Nederlands.

- Ons huidige webtuiste (www.koers.co.za) sal saam met die nuwe webtuiste (www.koersjournal.org.za) funksioneer. Die nuwe webtuiste sal gebruik word om artikels op te laai, te keur, af te laai en te lees. Goeie nuus is dat ons in die proses is om die volledige *Koers*-argief (sedert 1933) elektronies te publiseer. Ons verwag dat hierdie proses teen 2013 voltooi sal wees en die volledige argief sal dan op albei webtuistes beskikbaar wees. Op die hoofwebtuiste van Koers (www.koers.co.za) sal daar ook nuus oor gebeurtenisse, konferensies, spesiale temanommers en inligting vanaf die Koersvereniging gepubliseer word; onderhoude en foto’s word ook beplan. Vanaf 2013 sal hierdie webbladsy artikels uit die argief volgens tema groepeer en beskikbaar stel.

- *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap* is steeds die eiendom van die Koersvereniging.

Aangesien AOSIS die werk wat deur die Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte gedoen is, oorneem, groet ons ook die formidabele span wat vir jare daar werksaam was en gehelp het om *Koers* ’n publikasie te maak waarop ons trots is. Aan Susan Lourens, Bertha Oberholzer, Erika Otto en Anjonet Jordaan (en ook hulle voorgangers by die BWT) wil ons baie dankie sê vir hulle harde werk, toewyding en professionaliteit oor baie jare. *Koers* bedank ook die Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus) wat hierdie nuwe ontwikkeling met ’n substansiële finansiële bydrae ondersteun. Ons bedank graag al ons lesers, outeurs en keurders vir hulle ondersteuning oor vele jare. Ons sien uit na hierdie nuwe fase in die ontwikkeling van *Koers*!

Ons nooi u graag uit om u kommentaar en ervaring van die nuwe formaat met ons te deel. Stuur gerus ’n e-pos in hierdie verband aan die redakteur (helena.hoogstad@koers.co.za). Neem asseblief kennis dat alle korrespondensie voortaan gerig moet word aan:

Helena Hoogstad
Vakgroep Filosofie
Skool vir Basiese Wetenskappe
Vaaldriehoekkampus
Noordwes-Universiteit
Posbus 1174
VANDERBIJLPARK
1900
Suid-Afrika

**Helena Hoogstad**
**Redakteur: *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap***

# Editorial

The Editorial Board is pleased to announce that *Koers: Bulletin for Christian Scholarship* will appear in an exciting new format. From the next issue onwards, all articles will be published online and in open access mode by AOSIS (African Online Scientific Information Systems). This means that all articles will be available free of charge to anybody with access to the Internet.

We expect that this will contribute to increased visibility for *Koers*, a larger readership and a greater impact. Instead of distributing our articles in the customary four hard copy editions per year, every article will now be published electronically as soon as it is ready for publication. At the end of each year, all articles published electronically within that year will be published as a single hard copy edition. *Koers* members and subscribers will have the option to receive this hard copy edition and more orders of the printed edition will also be possible. In the case of a special themed issue or *festschrift*, all contributing articles will be published online at the same time and such an issue will appear alongside the “rolling articles” (also with the option of a hard copy of the themed issue). Page fees will be replaced by article fees, with a reasonable increase over the next few years. Many interesting developments are awaiting *Koers*!

In spite of all the changes, the crucial matters central to the identity of *Koers* will stay the same:

- We still aim to advance the development of Christian scholarship/science in all fields of research and promote foundational reflection in science. We believe that the new developments will help to provide an even better platform for authors to engage constructively and critically with Christian points of view in all fields of science.
- *Koers* is still an independent, accredited journal with complete editorial freedom within the parameters of our constitution and focus.

- Our editorial board remains unchanged with scholars working from a Christian (mostly reformational) perspective in many different fields of study and representing a variety of institutions.

- We will follow the same rigorous review process with the same (continually expanding) database of reviewers. It will of course be managed in a web-based way.

- We still welcome all relevant contributions in English, Afrikaans and Dutch.

- Our current website (www.koers.co.za) will continue to function alongside the new website (www.koersjournal.org.za). The new website will be used to upload, review, download and read all articles. Good news is that we are in the process of electronically publishing the complete *Koers* archive (since 1933). This process should be completed by 2013 and the complete archive will be available on both websites. The main *Koers* website (www.koers.co.za) will also publish news about events, conferences, special themed editions and information from the Koers Association. Interviews and photos are also in the scope. From 2013, this website will also cluster articles according to theme.

- *Koers: Bulletin for Christian Scholarship* is still owned by the Koers Association.

As AOSIS will take over the work that was done by the Bureau for Scholarly Journals, we are also saying goodbye to the formidable team that have worked for many years to help make *Koers* a publication that we are proud of. To Susan Lourens, Bertha Oberholzer, Erika Otto and Anjonet Jordaan (and their predecessors at the BSJ) we want to express our gratitude for their hard work, dedication and professionalism over many years. Thank you also to the North-West University (Vaal Triangle Campus) who will be making a substantial financial contribution to support this new development. We would like to thank all our readers, contributing authors and reviewers for their support over many years. We are looking forward to this new phase in the development of *Koers*!

We invite you to share your comments and experience of our new format with us. Send an e-mail in this regard to the editor (helena.hoogstad@koers.co.za). Please note that in future, all correspondence should be addressed to:

Helena Hoogstad
Subject Group Philosophy
School of Basic Sciences
Vaal Triangle Campus
North-West University
PO Box 1174
VANDERBIJLPARK
1900
South Africa

**Helena Hoogstad**
**Editor: *Koers: Bulletin for Christian Scholarship***